



Arlene Prinsloo en 'n  
Mondi-toekenning **2**

Nuus uit China - nog 'n  
aflewering deur Roline  
Van Zyl (Hepburn) **3**

**Motorjoernaliste**  
Marnus Hattingh (1998)  
Hans Heese (MPhil)  
Hendrik Verwoerd (1982) **4-7**

**Women in Wine**  
Sara de Villiers (2000) **8**

## MPhil in Journalism

Are you interested in a MPhil in Journalism? Contact Herman Wasserman at [hwasser@sun.ac.za](mailto:hwasser@sun.ac.za) - do this before 25 July 2006 - the selection test is on 1 August in Johannesburg or Stellenbosch.

## Binnekort nog 'n Janus

Aangesien dié uitgawe van *Janus* (16 bladsye) te veel geheue neem, sal nog 'n *Janus* teen die einde van Augustus aan jou gestuur word. Lees oor nóg motorjoernaliste en "Women in Wine".

You will receive the next *Janus* at the end of August. More from our motor journalists, "Women in Wine" and alumni's experience in the DRC.

*Don't miss it!*



Foto: Lezél Amoraal

# After action, satisfaction

*And a word from the "Oval Office"...*

Those of you who were students in 26 Crozier's early years, will remember that we referred to Piet Cillie's office as the Oval Office – he always sat so neatly within the lovely bay window that frames the view on our front garden (and his everlasting, albeit last, rose bush just outside).

So, from the current occupant of the oval office: yes, the first semester of another batch of young hopefuls, idealists all, has come and gone, and some of us despair whether they'll ever get the basics right. Add spellcheck to the equation, and you'll know what we mean. "What's at steak", bru, what with the "shear exuberance" when you "meat the driver"?

Dus, buiten vir die basiese dinge soos *onmiddellik* met twee d's en twee l'e wat noodwendig vir elke nagraadse joernalistiekstudent gereeld as 'n skokkende ontdekking kom, en *Franschoek* wat niemand ooit die eerste keer reg spel nie, werk ons hard om aan die einde van die



jaar beginnerjoernaliste wat kan dink én doen aan julle daar in jul mediakantore te lewer. En soos julle met die "make-over" van die agtertuin kan sien (foto bo), is dit nou "after action satisfaction" vir die arme hardwerkende studente hier in Crazierstraat (volgens hulle).

Geluk aan al die alumni wat weer 'n rits pryse gekry het.

Julle is 'n inspirasie vir die wat ná julle in hierdie mooi huis kom leer wat dit beteken om 'n

joernalis te wees. Kom kuier as julle in die Kaap is – Crozierstraat se tee is altyd reg, en kom kyk hoe ons nou ingerig is (met planne reg om die *powers that be* in Admin B uitoorlê om ook die ander helfte van die solder in te rig).

And yes, there's even an "ordentlike" braai in the backgarden – after the current occupant of the Oval Office feared for the safety of the building with that old "kruiswa" dangerously close under the veranda. So those of you who want to organise a reunion with a braai in old Crazier's backgarden – you're welcome!

*Lizette Rabe - lrabe@sun.ac.za*

# PERSOONLIK

- Herman Wasserman (1994), is bevorder tot mede-professor in die departement. Hy vertrek in September na die Universiteit van Indiana, Bloomington met 'n Fulbright Fellowship. Helena en hul seun, Lukas (ses maande) sal hom vergesel.
- Izelle Venter (1998) is aangestel as redakteur van *Insig*.
- Maryke Hörstmann (2001) is assistent-redakteur van die nuwe tydskrif, *Fynproe* uit die stal van *Wynland*.
- Mia Malan (1994) wat tans in Kenia werk, vertrek einde Julie na Washington DC om vir *Internews* te werk as hoof van die opleidingskomponent van hulle Gesondheidsjoernalistiek-program.
- Prof Arrie de Beer is aangestel as buitengewone professor aan die departement.

## Arlene 'n Mondipryswenner

Arlene Prinsloo (1988) het 'n Mondie-toekenning vir uitleg ontvang vir 'n spesiale middaguitgawe van *Die Burger* – “Hamba Zuma” en vir die voorblad van die Londense bomontploffing. “En die Frewin-trofee is die kersie op die koek! Dit het baie spanwerk gekos, van die voorpers tot die skitterende rolpers. Dit is mense saam met wie 'n mens regtig deur vuur sal stap.”

Nadat Arlene die HonsBJoern in 1988 verwerf het, het sy haar loopbaan by *Beeld* begin – eers in die algemene redaksie, en toe die nagkantoor waar sy kennis gemaak het met die uitleg van 'n koerant.

Sy het mettertyd op 'n Sondag waargeneem as hoofsub – en haar eerste Sondag wat sy alleen aan diens was, was tydens die bomontploffing in die St. James-kerk.

Na die dood van haar mentor, Jannie van der Merwe, het sy hoofsub van *Beeld* geword. In Augustus 1999 is sy saam met Johan de Wet na *Beeld*. In 2003 het Arlene by *Die Burger* begin werk en is tans assistent-redakteur.



# CHINA

## lente in die lug

Roline van Zyl (Hepburn), student van die klas van 1978, skryf uit Beijing oor die Chinese kultuur, 'n Zen-styl tuin en persvryheid.

**D**ie lug is vol manlike saad – die hele week al. Wit donse wat hang in die lug, doelloos, want daar's niks om te bevrug nie. Dit wai in mens se oë as jy fietsry, en bondel by die voor- en agterdeur in as 'n deur of venster oopgemaak word, rol oor die vloer en gaan lê trillend in die hoeke en onder die banke en stoele. As iemand verbystap, leviteer die wit bolle en lyk of hulle om hulp roep, sak dan terug. Die openinge vol dons in die vlieë/muskietgaas voor die vensters bied nou 'n wasige blik op die straatlewe. Buite vang die grasse en struikie die wit saad, waar dit later soos 'n kantgordyn hang. Die kinders sê as jy 'n vuurhoutjie in daardie bondel steek, het jy 'n gawe vuurwerk wat hardloop oor die veld sover as wat daar bolle in die grasse vassit.

Albert se een onderwyser sê die saad kom van die lanings manlike bome wat die Chinese tussen die sirkelpaaie geplant het en wat die omgewing hierlangs aansienlik verfraai, benewens dat dit die lugbesoedeling en die Gobi se sand in die lente filtreer. Die boustyl van ons kamponghuise is nie juis prakties vir hierdie interessante omgewingstoestande nie – baie sierpleisterwerk om deure en vensterrame en tussen verdiepings – wat gawe reservoirs vorm vir die sand en saad. Iemand sal na al die uitbundigheid van die lente met 'n brandslang onder hoë druk moet kom skoonspuit.

Met al die lente-vrolikheid en die tuinslangmeisie wat weer twee keer 'n week haar driewiel met groen tuinslange en 'n sakkie korrelkunsnis by die voordeur parkeer en kom natlei, nader ek die landgoedbestuur en vra of hulle nie sou belang stel om ons tuin te verfraai nie met 'n paar blomstruikie, soos pienk en wit magnolias, sierpruime en –perskes, rose by die voordeur, 'n bamboeslaning in die een hoek, geknipte en gevormde liguster en berberis-heinings en klippies vir 'n kamma-stroompie in Zen-styl al om die huis en 'n fokuspunt – klip, plant of pot - vir kontemplasie om elke hoek...

John Zhang se oë rek en sy getinte rooibruin pommade-kapsel wil-wil net meegee, hy't gedog ek wil net die twee sipresse in die voortuin verplant.

Maar hy is my altyd ter wille en daag stralend glimlaggend op met die owerste oor 'n duisend van landgoedontwerp en die owerste oor 'n honderd van plante en sulke dinge. Hulle luister en 'n opgewonde gesprek met baie woorde en heen- en – weerloper volg.

Nie sleg plan nie, nog nooit gedoen nie, maar hulle sal probeer, ons moet net die gastoevoerpyl in ag neem, ek moet 'n lys maak van die goed wat ek wil hê (hulle's beïndruk dat mens die name van die plante ken), 'n skets maak en dit voorlê aan Norman Li, die owerste oor 'n duisend. Dan, seg John, kan ons 'n foto neem as alles klaar is, en hy sal voortaan al sy voornemende huurders hierheen bring en ek kan dan 'n besigheid begin en vir hulle tuine uitleê. Mmmm, klink reg vir my, dit sal my groot



Die baljoggies by die gholfklub is meisies wat lyk soos 'n groepie kinders, oppassers of byevangers.

plesier verskaf, mits die owerste oor 'n honderd so gaaf sal wees om as verskaffer in grootmaat uit sy kwekery hier langs die kampong tot die saak toe te tree. Ons kyk wat gebeur.

Toe ons dus Saterdag in Wangfujing se boekwinkel met ses verdiepings staan, beweeg ek gou na die afdeling argitektuur en kry 'n rak wat handel oor landskap-argitektuur, alles in Chinees, maar die foto's uiteraard verstaanbaar. Alles bietjie TE vir my smaak, ek sal maar werk met die prentjie in my kop, gesonde verstand en die Zen-boek wat Abraham al (seker in 'n profetiese oomblik) twee jaar gelede vir my gekoop het en waarvan die omslag stukkend gevat is.

Die meeste boeke in Wangfujing se boekwinkel oor China is uitgegee deur die Foreign Press, en die prys klaar gedruk in die binneblad. Spotgoedkoop. Studente sit om hoekies en agter rakke op die grond en lees en skryf en studeer. Hulle't seker nie plek tuis nie. By die kosboeke staan rye mans, vroue en jongeliede en blaai deur die resepteboeke.

Dis bedrywighid in die boekwinkel en ons is beïndruk met die uitbreiding van die voorraad Engelse titels – baie meer as 'n paar maande gelede en selfs boeke wat voorheen verbied is. Hier's iets aan die gebeur. (Ook nie: met die Chinese president se besoek 'n week of wat gelede aan onder meer die VSA, staan ek en 'n vriendin een oggend in die gim op trapmeulens langs mekaar – ek kyk BBC World, sy CNN, en die hoofnuus is eerste die besoek. My bulletin gaan eerste van die lug, net toe die nuusleser begin praat van pres Bush se kritiek op China se menseregtepraktyke en 'n paar sekondes later hare, toe hulle beeldmateriaal wou wys van die hekelaar wat die Chinese president se toespraak ontwig het.) Met die weerberig is ons albei weer terug op die lug!

Ons lees en hoor alles wat goed is oor China, maar binnelands weet ons nie wat NIE reg loop nie. Uit eie ervaring weet ons hier is baie maatskaplike probleme en dat dit met “social engineering” reggestel word.



Li Qun se outentieke restaurant – ons gunsteling- eetplek in die hutongs vir geroos-terde eend – die stootskrapers is besig om alles om hom plat te stoot, miskien bestaan hy nie meer as ons weer daar kom nie.

Onlangs is twee van die immigranteskole in ons gemeenskap plotseling gesluit – ons ouer/skoolgemeenskap het hulle ondersteun met skryfbehoeftes, ou klere en kospakkies. Mense word nog by geboorte geklassifiseer as 'n “boer” (die laagste rang), “werker”, “leier” of “kader” en hul maatskaplike beweeglikheid en ander voordele hou daarmee verband, soos watter skole hulle kan bywoon, die werk wat hulle kan doen, die stad/gebied waarin hulle mag werk en die treinklas waarin hulle kan ry. Maar dis aan die verander, vertel ons *laoshi*, en die Chinese is vindingryk en ontduik die stelsel op allerlei maniere. Die klassifikasie word ook nie meer so rigied soos in die verlede toegepas nie.

Intussen vier media-beroepslui Wêreldpersvryheidsdag. Dalk ietwat van 'n esoteriese onderwerp vir 'n land wat teen tussen 8 en 10 persent groei, waar 75 miljoen mense glo aan die migreer is en waar bereken word dat “boubedrywighede regoor China gelykstaan daaraan om elke twee weke die gelyke van 'n stad soos San Francisco in die VSA te bou”, aldus News24.

Maar, China is nie in 'n dag gebou nie. *Man-mandia(n)r*, oftewel vry vertaal *Stadig oor die klippe*. Hier's heelwat meer as 'n miljard mense, geen fosfaat nie, vertel my geoloog-buurman, baie steenkool, maar bitter gevaarlike myne, besoedeling, verskriklike armoede, ontsaglike rykdom, groot agterstande in bestuurspraktyk en voldoening aan internasionale korporatiewe praktyk,

maar baie vernuf en die universiteite hier, in Korea, in Japan, in Taiwan, produseer jaarliks duisende voortrefflike ingenieurs.

Onlangs is daar 'n beriggie van 'n poging tot alternatiewe omgewingsvriendelike kragverskaffing. Die kamera wys 'n Chinese omie met baie dik brilgase en pantoffeltjies in sy middelklas, moderne huis se slaapkamer in die buitewyke van Shanghai. Hy sit op die bed se rand en kyk televisie, wat op sonkrag loop. Op sy dak is sonpanele en oral in sy tuin – die in die tuin wek die krag op vir sy tuin- en buiteligte. Hy's baie tevrede: as daar kragonderbrekings is, kyk hy steeds na sy gewilde programme terwyl sy bure in die donker sit en gesels. Dis steeds nie 'n goedkoper opsie nie, maar hy't die panele van sy seun present gekry.

Dan swaai die kamera na sy seun – hy staan in 'n groot nywerheidspark voor die hekke van sy sonpaneel-fabriek. Die kamera wys 2000 mense in die fabriek, skoon soos 'n mediese laboratorium, in netjiese eenderse uniforms, elkeen by sy moderne werkstasie besig om sonpanele te maak. Hy voer alles uit, sê die seun, want die Chinese owerheid wil nog nie by hom koop nie, omdat sonkrag tans nie so goedkoop soos steenkoolkrag is nie. Lyk nie of dit hom vreeslik pla nie. Sy pa is versorg, sy bestelboek vol buitelandse bestellings, hy't 'n pragtige fabriek met goed opgeleide mense, lyk vooruitstrewend en straal van gelukkige selfvertroue!

Dis die China wat ons leer ken.  
Zaijian

## omgebou...



Marnus (heel regs) het onlangs die Inka-roete in die Andesgebergtes in Peru gaan stap. Sy avontuur is in die Julie-uitgawe van *Weg*.

**M**otors is soos eerstejaarmeisies - elke jaar dink jy: Jislaakit, dit kan nie beter nie. Net om volgende jaar weer omgebou te word.

Ná ses jaar in die motorjoernalistiek raak ek nog steeds opgewonde as Porsche 'n nuwe speelding bekend stel, raak ek jeukerig as Citroën 'n hupse tweedertjie wys. En sug ek as die Japanners nog 'n wasmasjien-op-wiele aan ons wil opdis as opwindende rygenot.

Na ek in '98 die Joernalistiek-kursus bygewoon het ("bywoon" is inderdaad die korrekte woord hier), het ek as algemene verslaggewer by *Die Burger* begin werk. Tussen verslag doen oor die ongeluk op die N2 en Barrydale se spog-hen, het ek saans die motorredakteur gaan uithelp met foto's liasseer. Daardie dae het hulle nog met foto's gewerk (niks elektronies nie), en elke week moes 'n magdom teruggeplaas word op hul plek in so 'n massiewe staalkas.

Een oggend kry ek toe 'n oproep: "Jy moet kom help! Hier's groot moeilikheid! Ek het my pinkie in die bad gebreek, en kan die volgende twee weke nie kom werk nie!" En so het ek begin om die bestaande motorredakteur in sy tye van krisis met 'n helpende hand by te staan.

Drie jaar later het ek na Jo'burg verhuis om by *Beeld* as volwaardige motorjoernalis te gaan werk, waarna ek nog drie jaar later die pos as *Die Burger* se motorredakteur aangebied is.

Hoogtepunte? Wel, die gebreekte pinkie was nogal 'n treffer. Ook die buurvrou in my sekuriteitskompleks wat met wye oë kom vra het of ek met perlemoen smokkel, want daar staan dan sulke spog'rige karre die heelyd buite.

Dan was daar ook die keer toe ek, tydens my eerste bywoning van die ernstige Motor van die

Jaar-kompetisie, saam met 'n gesoute jurielid 'n motor moes deel wat hy beoordeel het. Ons ry nog so, toe begin klap hy met sy plat hand ke-dwar! op die instrumentepaneel. Verwoed. Jy sien net radioknoppies en liggies deur die kar vlieg. Grootoog vra ek toe wat maak hy nou? "Nee jong, dis my standaard-manier om die gehalte van 'n motor se *dash* te toets." En so het dit toe aangegaan, die res van die dag. Hy klap die *dash*, ek sit knoppies terug. Niemand se dash het die toets daardie dag geslaag nie.

Die plaaslike motorjoernalistiek-kring is egter baie klein, met 'n groot gerugkramp tussen joernaliste en vervaardigers wat tans aan die gang is. Voorwaar 'n ongesonde en jammer situasie. As (motor-)joernalis het jy soveel verantwoordelikhede (teenoor jou beroep, en die leser), maar ongelukkig het ons profesie dit nie nodig dat jy eers 'n formele opleiding ondergaan voor jy as joernalis kan begin praktiseer nie. Dit maak dat mense sonder die nodige opleiding die beroep betree, met verreikende negatiewe gevolge.

**E**k dink die volgende uitdaging vir die plaaslike motorjoernalistiek is dus om sy standarde te verhoog, om ontslae te raak van al die saamryers, om kritiese, objektiewe verslaggewing weer terug te bring. En die vervaardigers en hul bemarkingsarsenale veel minder ernstig op te neem.

Klink dit te sober vir 'n nugter maag? Dis omdat die beroep soveel pret bevat. As jy hou van mooi, nuwe motors. Dol is oor reis, 190 km/h jaag op die Autobahn - in die middelste baan - en ginnegaap met mense wat dieselfde passie as jy deel op die sondek van jou hotel by die Italiaanse Riviera, dan kan jy motorjoernalistiek oorweeg. Dis vol geleenthede, blink motors en unieke karakters. Stukkende *dashboards* en al.

Marnus Hattingh  
Motorredakteur, *Die Burger*

# Van (trap)kar

## na kenner van geskiedenis en motors

Ek het in 1944 die lewenslig op Kamieskroon aanskou en vyf jaar later reeds my eerste (trap-) kar besit. Daarna het my passie vir motors – saam met geskiedenis – geen einde geken nie.

**A**s Voortrekkeroffisier op Upington het ek en van my spanlede met 'n *Steyr-Puch Haflinger* 'n ekspedisie deur die Molopo Canyon na die Oranjerivier onderneem; die eerste en laaste keer wat dit met 'n vierwielaaangedrewe voertuig gedoen is. Die storie het in die *Gemsbok* verskyn en is in twee aflewings geplaas.

Aangevuur deur my sukses met die artikel in die *Gemsbok*, het ek in 1969 en 1970 artikels oor Mosambiekeiland en Ovamboland en die Finse Sendinggenootskap in die *Huisgenoot* gepubliseer en op hierdie wyse Pieter Spaarwater, vryskut-motorjoernalis, leer ken. Dit was hy wat vir my gereël het dat ek in 1978, tydens 'n geskiedenis-navorsingsbesoek in Europa, vir 'n week met 'n Peugeot 305 kruis en dwars deur Frankryk kon toer. Die verslag oor die Peugeot het in die *Huisgenoot* verskyn: my eerste volwaardige motorpadtoets.

Daarna het artikels periodiek in *De Kat* en ander tydskrifte verskyn. In 1992 het ek ernstig motorartikels vir my plaaslike streekkoerant in die Helderberg, *Distrikspos*, begin skryf, en kon op grond van my gereelde bydraes lidmaatskap van die Gilde van Suid-Afrikaanse Motorjoernaliste verwerf. My eerste artikel in *CAR* in 1995 was vir my 'n hoogtepunt in my joernalistieke loopbaan; uiteraard het dit oor 'n geskiedenis-onderwerp gehandel. Daarna het verskeie opdragartikels van *CAR* se kant af gekom en was ek op 'n stadium die tydskrif se "historical advisor".

Op die jeugdige ouderdom van 54 jaar was ek één van 52 akademici wat by die Universiteit van die Wes-Kaap (UWK) oortollig verklaar is. Die kennisgewing is per hand op 'n Saterdagmiddag by die huis afgelewer.

Nadat daar die res van die naweek probeer is om die skok te verwerk, het ek die Maandagoggend by UWK eerste van alles vir George Claassen gebel om te hoor of ek nog kon aansoek doen om die MPhil-kursus in Joernalistiek te volg. My aansoek was betyds en ek is aanvaar.

Ek moes eenvoudig iets doen wat my intellektueel kon stimuleer en wat op die langtermyn 'n nuwe loopbaan kon word. Die swoeg en sweet die volgende twee jaar was deur-en-deur die moeite werd. In dié tyd het ek en Hannes Oosthuizen (nou by *CAR*) 'n maatskappy gestig wat artikels op 'n gereelde basis aan Bolandse streekkoerante lewer.

Dinge het egter anders – en beter – verloop as wat ek gedink het. Op 1 Maart 1999 het ek 'n 5/8 kontrakpos as argivaris by die US Argief aanvaar en by klasgee en navorsing betrokke geraak. Dit stel my in staat om altwee my passies uit te lewe: geskiedenis en motors. En dit ook te kombineer met my ingebore nuuskierigheid en avontuurlustigheid, soos die jongste trippie na die Kongorivier met 'n voertuig wat deur 'n vervaardiger verskaf is ...

Hans Heese (1999-2000 MPhil)  
Maart 2006



Kamieskroon 1949

“

Dit was hy wat vir my gereël het dat ek in 1978, tydens 'n geskiedenis-navorsingsbesoek in Europa, vir 'n week met 'n Peugeot 305 kruis en dwars deur Frankryk kon toer.

”

# Living a dream...

that never was



Hendrik loves Italian cars - his pride and joy is his little red Alfa Romeo 147.

**W**hen I graduated from 26 Crozier Street in 1982 I never dreamed of becoming a motoring journalist.

I knew that I was going to be a broadcast journalist, but exactly where my career path would take me was unclear.

It was the bad old days when Apartheid reigned supreme. I joined the SABC in Cape Town as news reporter in 1984 after completing a post-graduate Diploma in Translation, doing the basics like crime and court reporting, but was shielded from the really meaty stuff because struggle politics was a no-go area.

That situation continued throughout the eighties and early nineties while I worked my way up the ladder to the position of Executive Producer of the actuality programmes “Monitor” and “Spitstyd” on Radio Suid-Afrika, now known as RSG.

Bubbling under all the time, however, was my interest in motoring and particularly motorsport, and when I realised that I had reached a promotion ceiling and had had enough of state interference and censure I decided in 1993 to strike out on my own, focusing on my real area of interest and becoming a full-time freelance motoring and motorsport journalist.

It was the best decision I’ve ever made.

Living in Johannesburg and not even ten years old, I had fallen in love with the sport in the late sixties (I can clearly remember

the day in 1968 when news filtered through that the legendary Jim Clark had been killed at Hockenheim in Germany) and remember nagging my parents to take me to the South African Grand Prix and Nine Hour events at Kyalami. My Mom and I used to camp at the circuit and to this day – she’s closing in on 80 – we still discuss each and every F1 race.

The broadcasting bug bit when in 1979, as a second-year intent on becoming a teacher, I was involved in the establishment of Radio Matie, now known as MFM. On race weekends I lived out my passion and did some circuit commentary at Killarney racetrack in Cape Town.

After I moved to Johannesburg in 1985, and with the experience I had built up at Killarney, I volunteered to commentate the South African Grand Prix for Radio Suid-Afrika, as they didn’t have a regular motorsport commentator at the time. Where in the past I was just a spectator, revelling in the sights and sounds of those wonderful machines and the legendary names who were racing them, suddenly I had become part of the scene. This, I realised, was what I wanted to do.

Unfortunately the 1985 event was the last South African Grand Prix for a while as Apartheid took its toll and it wasn’t until 1992 that the circus returned.

In the meantime I had established myself as a presenter on SABC-TV’s “Topsport”, so in 1992 and 1993 I anchored the



**Hendrik with 1997 Formula One World Champion Jacques Villeneuve.**

Grand Prix broadcasts from the Kyalami circuit, working with the legendary Murray Walker.

That led to me becoming the anchor presenter on SABC's regular coverage of the Formula One World Championship, lasting until the end of the 1999 season. While I was able to live out my passion, the downside was that I couldn't attend any of the overseas events, as the Corporation didn't see it fit to send a local crew. First-hand information was hard to come by, as the Internet was just beginning to come to the fore.

**D**uring the period of 1985 to 1993 I also presented a regular motoring programme on Radio Suid-Afrika, which put me into contact with the major players in the South African motor industry and allowed me to do road tests – actually, they were more driving impressions than anything else – on new models. I was invited on new car launches and had a different car in the driveway every week. I joined the South African Guild of Motoring Journalists and shortly thereafter became a member of the jury that judges the annual Car of the Year competition.

Because of the contacts that I had built up I also got to race. Opel Motorsport provided me with a little Kadett and from 1988 to 1993 I competed in various Production Car events. It wasn't with a lot of success, I must confess, although fellow Crozier Street graduate Deon Schoeman, Car Magazine's Stuart Johnstone and I actually won our class in one of the Castrol Nine Hour events at Killarney in that time.

I also became a regular commentator for TV productions of local motorsport, covering circuit racing, rallying and off-road racing. All of the TV work and commentating were done on a freelance basis, while I was still a full-time employee of the Radio News department at the SABC.

It was great fun and I began to realise that life as a motoring and motorsport journalist would never make me rich, but that nobody could tax me on the perks!

Things were going along steadily after I had resigned from my full-time position in 1993. I was doing a lot of TV work, script writing and voice-overs, now as a full-time freelancer. In 1996 I began a daily motorsport update service in conjunction with Vodacom (which runs to this day) – so I was pretty busy, still not making a lot of money, but enjoying the freedom of being my own boss and, of course, the perks.

At the end of the 1999 Formula One season SABC fired me.

The producer of the Grand Prix show called me in, ostensibly to talk about the following season, but when we sat face to face he told me that I didn't feature in their plans for 2000. To say that I was devastated is an understatement. Up to then I had made my own career decisions, but here someone had pulled the rug from

under my feet. Not only could I not get a coherent explanation, but I also wondered where my future would lie.

Fortunately the mantra that I had been living by – that when some doors close others always open – once again proved true. Just weeks later Primedia Broadcasting asked me to become their Formula One correspondent and then NasPers wanted me to write a regular F1 column for their weekly motoring supplements in *Volksblad* and *Die Burger*. *Beeld* would follow a few years later.

At the same time a colleague of mine – a full-time Formula One journalist based in Europe – came up with the idea of us starting a little business whereby we would put together packages for people who wished to attend the races. An unexpected bonus of the SABC's decision not to use me on their Grand Prix panel anymore was that I was freed up to actually attend the events, so everything began to come together beautifully.

Dieter and I formed Podium Travel; we began to sell trips to South Africans and co-hosted the groups – voila! Two stones with one throw: I was making some money, my costs were being covered and I could go to grands prix.

Since we started the business we have hosted about 200 people and I've been able to go to 16 events in the last four years. As FIA accredited journalists we have full access to drivers, team personnel, press conferences and the like, which means that one is really able to get close to the action. Not only can we pass on first-hand information to our clients, but it also enables one to gain insight into the sport that is impossible from a distance.

Early in 2004 I was approached by the producers of a new motoring programme on SABC3, "Car Torque", to be one of their presenters. I was a little apprehensive at first, not having been

“

Now again I get to drive some of the best cars in the world and park them in my driveway!

”

close to the industry for a while, but soon it all came back and it's gratifying that the programme has been a huge success, garnering impressive viewership figures and advertising revenue for the broadcaster.

Now again I get to drive some of the best cars in the world and park them in my driveway!

Over the years I have been overseas numerous times. I have met the likes of Sir Stirling Moss, Juan Manuel Fangio, Ayrton Senna, Nigel Mansell and Michael Schumacher; I have been to Monaco, Monza, Spa-Francorchamps and the Indianapolis 500; I have been a passenger in a Formula One car twice and driven a Lamborghini Murcielago, Porsche 911 Turbo and Ferrari 360.

So, a starry-eyed motorsport fan who became part of the scene and a has-been TV presenter getting a second chance, I've been blessed with a wonderful career, earning my living from what would have been a hobby anyway.

How did I do it? It certainly wasn't planned, but I had the passion and took the opportunities. Way back in 1982, however, I wouldn't have dared dream of it.

*Hendrik Verwoerd  
FIA accredited Formula One journalist  
and presenter, "Car Torque"*



# Life as a 'Wino',

When the wine *gogga* first sunk its teeth into me, it bit hard and didn't let go. Growing up in Stellenbosch I was immersed in wine culture from an early age (a baby's dummy dunked in a glass of the good stuff works wonders).

Over the years I became acquainted with whites, reds, sparkling and of course soetes. From Chardonnay to Shiraz, I was smitten.

Progressing from Tassies, to a few more weighty numbers and plenty of visits to wine farms as a student taught me there was more to wine appreciation than sniffing, spitting and pompous pontificating.

It's all about the incredible diversity of the product, the rich history, colourful characters and fascinating alchemy of art and science that continues to intrigue and beguile wine lovers all over the world, bottle after heavenly bottle.

A few courses at the Cape Wine Academy introduced me to terms such as 'viticulture', 'malo-lactic fermentation' and 'botrytis', but mostly these wine education sessions fuelled my

ever-growing love affair with the grape. Over the years I have been fortunate to experience the many wonders of wine, food and la dolce vita.

A working stint on a local wine farm broadened my horizons and provided me with plenty of insight into and appreciation for this vibrant and dynamic industry. Lo and behold after completing my B Phil in Journalism in 2000, my first job as a fully-fledged journo was at *SA Wine Magazine!*

Four years of working closely with a wide spectrum of industry role players and a few decent articles under my belt, I took a giant leap of faith and dived head first into my freelance career.

Now I can sleep late, write in my pyjamas and, occasionally still enjoy a glass of fine wine (it really gets those creative juices flowing). And as soon as the boss (ahem) gives me a raise I'm heading off to some wine farms to stock up. Cheers!

Sara de Villiers  
Class of 2000

“

Progressing from Tassies, to a few more weighty numbers and plenty of visits to wine farms as a student taught me there was more to wine appreciation...

”

